# Hoe om jou belastingnakomingstatus te verifieer

## Verifiëring deur die gebruik van die PIN

Met die belastingnakomingstatus (TCS) stelsel, is 'n belastingpligtige in staat om enige derde party te magtig om sy/haar nakomingstatus te verifieer deur die gebruik van 'n elektroniese toegangs-PIN.

Die PIN moet gebruik word om die belastingpligtige se nakomingstatus aanlyn deur SARS eFiling te verifieer.

**Top wenk:** Wanneer die PIN gebruik word vir verifiëring. sal die uitslag die huidige belastingnakomingstatus vertoon soos op die datum en tyd wat die PIN gebruik word.

## Hoe om 'n TCS deur SARS eFiling te verifieer

### Stap 1: Teken aan op eFiling

Om die nuwe belastingnakomingstatusverifiëringdiens aanlyn te gebruik, moet jy gemagtig wees om eFiling te gebruik. 'n Gemagtige persoon (byvoorbeeld die verteenwoordigende belastingpligtige of eFiling-administrateur) of die organisasie wat gebruikersgroepe kan opstel en gebruiksregte het, moet inteken en die diens aktiveer.

### Stap 2: Aktiveer die belastingnakomingverifiëringdiens

Aktivering van die belastingnakomingverifiëringdiens is 'n eenmalige proses.

- Sodra jy aageteken het, stel jou gebruikersgroepe en toepaslike gebruikersregte op om sodoende TCS-verifiërings te kan uitvoer
- Klik op "Tax Status"
- Kies “Tax Compliance Status Verification”
- Voltooi die aktiveringsproses.

### Stap 3: Verifieer die belastingpligtige se TCS

Kies die “New Verification Request”-kieslys. Sleutel die belastingpligtige se belastingverwysingsnommer en PIN-nommer in en dien dit in. Bevestig dat die belastingpligtige-inligting wat vertoon word, ooreenstem met die van die belastingpligtige wat jy wil verifieer.

Die belastingpligtige se huidige belastingnakomingstatus sal vertoon word en sal kleurgekodeer wees met 'n volledige beskrywing oor wat die status beteken.

Die kleurkodering dui aan of die belastingpligtige se huidige belastingsake in orde is of nie:

- Rooi - Belastingsake is nie in orde nie en die belastingpligtige is nie belastingnakomend nie
- Groen - Belastingsake is in orde en die belastingpligtige is belastingnakomend.

Jy sal nou in staat wees om die verifiëring vir rekorddoeleindes te druk. Jou verifiëring sal ook elektronies gestoor word in "History" vir toekomstige verwysing.

Vir meer inligting oor die stappe, verwys na ons *GEN-ELEC-08-G01 – Guide to the Tax Compliance Status functionality on eFiling – External Guide.*

# Benodig jy hulp?

Skakel die SARS-kontaksentrum by 0800 00 7277.